S.A. Dokter En Tristan-Administrateur Saam

# GOUGH-TRAGEDIE DIÉ WEEK ONDERSOEK

(deur Schalk Burger)

**'N ONDERSOEK ter plaatse na die dood van mnr. J. Smalberger, wat die afgelope week op Gough-eiland gesterf het, gaan bo alle twyfel ingestel word, het Dagbreek gister van die Departement van Buitelandse Sake in Pretoria verneem.**

Gough-eiland is 'n Britse gebied en daar is nou vasgestel dat die Britse regstelsel so 'n ondersoek vereis.

Die Suid-Afrikaanse navorsingskip, die R.S.A., sal in die loop van dié week na die eiland vertrek. Die Sekretaris van Vervoer sal ook vroeg vandeesweek besluit of die ouers van die oorledene na die eiland kan saamgaan.

'n Geneesheer sal dié week saam met die R.S.A. na Gough-eiland vertrek. 'n Britse amptenaar sal waarskynlik ook aan die ondersoek moet deelneem en om dié rede word dit oorweeg om die administrateur van die eiland Tristan da Cunha na Gough-eiland te bring. Daar is geen Britse amptenare op Gough nie.

## Vrydag Begrawe

Wyle mnr. Smalberger, wat die leier was van Suid-Afrika se span weerkundiges op Gough, is Vrydagmiddag om vieruur deur sy makkers begrawe naby die plek waar sy lyk gevind is.

**Die ondersoek moet geskied òf in die vorm van 'n nadoodse ondersoek op die lyk òf in die vorm van 'n breedvoerige ondersoek na die omstandighede waarin mnr. Smalberger oorlede is.**

Die Regering is, na verneem word, op die oomblik nog besig om vas te stel presies op watter manier daar die beste aan die vereistes van die Britse reg in dié verband uitvoering gegee kan word.

Omdat die lyk reeds begrawe is, is die waarskynlikste egter dat die ondersoek 'n omvattende ondersoek sal behels na die omstandighede wat die oorledene se dood veroorsaak het.

Mnr. Piet le Roux, wat wyle mnr. Smalberger as die leier op Gough-eiland moet opvolg, sal ook aan boord die R.S.A. soontoe vertrek.